

21 November

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10 (NAV)  
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:3

### Ons dink voortdurend aan julle!

*“... die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop ...”*

Wanneer die driemanskap van Paulus, Silvanus en Timoteus aan die gemeente in Tessalonika (wat hulle gesamentlik gestig het) dink, dan is daar veral drie kenmerke waarvoor die gelowiges in hierdie gemeente onthou word.

*“... die werk van julle geloof ...”* – Mens moet mooi verstaan dat hier nie bedoel word *die werke wat die geloof tot stand bring nie*, maar eerder *die werke wat die gevolg of die vrug van die geloof is*. Vir die *werk van hulle geloof* gaan die dank immers aan God deur Jesus Christus. Hy is tog die Begin en die Voleinder van die geloof. Die gemeente wat *in die geloof* en *deur die geloof* onder leiding van die Heilige Gees *dankbaar werksaam* is, is ’n getuienis dat die Liggaam van Christus (die kerk) lewend is.

*“... die inspanning van julle liefde ...”* – Die tweede kenmerk van hierdie gemeente waaraan die driemanskap dink, is *“... die inspanning van (h)ulle liefde ...”* ’n Meer direkte vertaling is die *“arbeid van hulle liefde”*. Ware Christelike opofferende liefde vra harde werk en energie en toewyding. Hierdie liefde kom nie vanselfsprekend nie. Hierdie liefde vra ’n offer, ’n uitstort, ’n oorgee! Hierdie liefde kos tyd en geleentheid en gawes en middele. Hierdie liefde is ’n reaksie op God se liefde wat Hy aan ons bewys het met Jesus Christus aan die kruis op Golgota.

Wanneer ’n gemeente se oë gerig is op Jesus Christus, dan word die *inspanning van die liefde* ’n dankbare getuienis van ons Vader se liefde aan ons.

*“... die volharding van julle hoop ...”* – Die derde kenmerk waarvoor hierdie gemeente onthou word, is *“... die volharding van (h)ulle hoop ...”* Christelike HOOP moet eintlik met hoofletters gespel word. Die hoop waaraan hierdie gemeente vashou, is ’n lewende HOOP, Jesus Christus (1 Pet. 1:3). Hy is die Inhoud van ons geloof, Hy is die Oorsprong van ons liefde, Hy is die Bron van ons hoop. In ’n tyd, soos in Tessalonika, waar die omstandighede soms baie moeilik is, is dit nodig dat gelowiges sal volhard in hulle HOOP. In so ’n tyd is dit nodig dat gelowiges hulle verwagting op geen mens nie, maar op Jesus Christus alleen sal plaas.

Wanneer gelowiges beproef word en dalk wil handdoek ingooi, moet hulle herinner word dat ons HOOP lewend is en dat ons volharding ’n kragtige getuienis is teenoor elke ander mens wat op *moedverloor se vlakke* is.

*Sing: Skrifberyming 41:1, 2 (15-5)*

*Ds. OJ Struwig (Delmas)*